

AREA 4 JAARVERSLAG 2019

Area 4 bestaan uit 5 takke met 67 lede

Clocolan: Hulle vergader elke 2de maand en dek al die onderwerpe. Doen ook werk in die gemeenskap, asook by Cloc-In ouetehuis.

La Group Petite: Hulle het 'n mini konferensie gehou waarop hulle al die Kongres kompetisie-artikels aangebied is. Hulle het met Vadersdag items gemaak en dit was "sê dit met sonneblomme". 'n Goeie jaarverslag met mooi fotos het die jaar afgesluit.

Ladybrand: se Jaarprogram word 'n boekvorm aan lede beskikbaar gestel. Hulle leer om papierblomme te maak. Lede vind uit wat 'n VVLU lid behoort te wees en uit te leef. Dit was baie leersaam .

Springbok: Taklede besoek 'n museum in Bethlehem en doen ook statiese oefeninge. 'n Indiese dame wys hulle hoe hulle kos maak en hoe hul speserye gebruik. Ina Kleynhans het 4 kort verhale geskryf wat opgeneem is in die boek-Kletter en sy kry die Montagu Boek Fees die eerste prys vir persone bo 51 jaar vir skryfkuns.

Zoutkop: Hulle is baie aktief en het 'n funksie by Constantia gehou met kersies. Hulle is nie baie aktief met die inskrywings items nie, want meeste lede is bejaardes. Hulle het ook Mnr. Berette se wapen museum besoek en beveel dit aan vir die dames.

SAMESMELTING VAN AREA 4 EN AREA 9



Omdat Areas 4 & 9 naby mekaar geleë is en saam uit slegs 6 takke bestaan is daar deur die UB besluit dat die twee areas sou saamsmelt en onder leiding van Minette Steyn sou voortgaan. Die samesmelting word op die 2020 Konferensie gesimboliseer Wilma Munnik (area 4) en Minette Steyn (area 9) elk 'n rooi kers aansteek. Hierdie is die twee areas en dan blaas hul dit dood en steek saam die wit kers aan wat een area verteenwoordig. Mev Cockroft bedank Wilma vir haar 3 jaar diens en wens Minette sterkte toe en vra dat die dames haar hande sal sterk maak. Sy oorhandig aan die dames 'n orgideë plant. Wilma bedank die dames vir hul samewerking en sê dan: lag wanneer jy kan, vergewe gou, want die lewe is kort. Sy is nie weg nie, maar gaan steeds betrokke bly. Minette word geluk gewens as die nuwe UB van area 4 en bedank La Group Petite vir 'n pragtige konferensie, uitstekende sprekers. Sy vra dat die voorsitsters en sekretaresse staan en vra dat daar hard gewerk moet word vir die kongres dat ons onder die top 3 kan eindig. Blom waar julle is en "update" julle elke dag.